

Wag op die Here! 16

16. **Wag op God se lig in die hart**

Ek stel my vertroue in die Here, ek vertrou op Hom, ek wag op die vervulling van sy woord. Ek wag op die Here meer as wat die wagte op die môre wag, wagte op die môre.
Psalm 130:5-6

Die lig van ’n nuwe dag bring nuwe hoop en nuwe moontlikhede, veral in tye van gevaar of onsekerheid of angs. Só wag gelowiges dat die lig van God se teenwoordigheid op hulle val. En jy? Kan jy dit ook sê?

God is lig, en Hy skyn tot in ons harte. Paulus stel dit in 2 Korintiërs 4:6 só: *God wat gesê het: “Laat daar lig skyn uit die duisternis,” het ook in ons harte ’n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.* Die vraag is: kan jy dit die hele dag ervaar? En hoe? Kyk na die bome en blomme. Wat doen hulle dat die son die hele dag op hulle skyn? Niks. Hulle drink eenvoudig die son op wat op hulle skyn. Jy hoef jou nie te bekommer oor God se lig nie; jy kan dit eenvoudig verwag, ontvang en geniet. Die enigste verskil met die natuur is dat jy dit doelbewus moet ontvang. Geloof sal jou oë en hart oopmaak om dit te ontvang en te geniet, sodat jy geestelik kan groei.

Jy moet leer om op die Here te wag, meer as wagte op die môre. Jy voel moontlik donker van binne – juis te meer moet jy op God se lig wag! Want God se lig verdryf die donkerte in jou, ook dié van sonde. Buig in stilte voor God en wag op Hom om in jou te skyn. Bely dit in nederige geloof: God is lig, helderder en skoner as die son.

Partykeer is ek so besig met my eie gedagtes en pogings dat ek nie die luike oopgemaak het om God se lig te laat inskyn nie; ongeloof het dit uitgehou. Ek buig dan in geloof, dat God sy lig in my hart kan inskyn. Ek neem tyd, word stil en rus in God se lig; hoe langer ek in sy lig is, hoe ligter word dit in my, en leer ek om in die lig van God met blydskap te leef. *Ek wag op die Here meer as wat die wagte op die môre wag.* En jy?

Wag op die Here!

Onlangse Bydraes

- Potifar se vrou, wat nie met haar lyf en haar luste raad geweet het nie
- Tamar, die vrou wat haar eie skoonpa verlei het
- Joh 12:12-19 Verras deur die Man op die geleende donkie
- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026